# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 40

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 40

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in g…vaar begewe nie. Daarom dra die owerheid die swaard om doodsla… …er.

Vraag 106: Praat h… …gebod net van doodmaak?


Antwoord: Deur doodmaak te verbied, le… …d ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede en … …lus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord.



Vraag 1… gehoors… naaste … nie?

…d, gebied … teenoor … …riendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen.

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?



Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad.


Genesis 9:6: Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word; want na die beeld van God het Hy die mens gemaak.

Matteus 5:21-22: Julle het gehoor dat aan die voorouers gesê is, ‘Jy mag nie moord pleeg nie, en wie moord pleeg, is strafbaar voor die reg.’ Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat kwaad is vir sy broer, strafbaar voor die reg is. En wie vir sy broer sê, ‘Raka!’ is strafbaar voor die Sanhedrin. En wie sê, ‘Jou dwaas!’ is strafbaar in Gehenna met sy vuur.

**Gehenna**: 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking *Ghee Hinnoom* of *Ghee Ben-Hinnoom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; Jer 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook vertaal as “hel”.

**Raka:** Die Aramese woord vir ‘nikswerd’.

Matteus 26:52: Toe sê Jesus vir hom: “Bêre jou swaard op sy plek. Want almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard omkom



Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar.


Matteus 5:25: “Los 'n geskil met jou teenstander gou op, terwyl jy nog saam met hom op pad is, sodat die teenstander jou nie aan die regter oorlewer en die regter jou aan die hofdienaar oorlewer en jy in die tronk gegooi word nie.

Matteus 18:35: So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

Romeine 12:19: Geliefdes, moet julle nie wreek nie, maar laat ruimte vir die oordeel. Daar staan immers geskryf: “Aan My kom die wraak toe; Ek sal vergeld,”

Efesiërs 4:26: Word kwaad, maar moenie sondig nie. Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie.

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?




Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie.

Matteus 4:7: Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskryf, “ ‘Jy mag die Here jou God nie versoek nie.’ ”

Romeine 13:14: Beklee julle egter met die Here Jesus Christus; en maak nie voorsiening vir julle sondige aard om sy drange te bevredig nie.

Kolossense 2:23: Hoewel hierdie voorskrifte met hulle selfopgelegde godsdienspligte, geveinsde nederigheid en liggaamlike kastyding, die skyn van wysheid het, is dit heeltemal nutteloos, maar dien tot bevrediging van die sondige aard.



Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer.


Genesis 9:6: Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word; want na die beeld van God het Hy die mens gemaak.

Eksodus 21:14: Wanneer iemand egter met voorbedagte rade optree deur sy medemens met slinksheid om die lewe te bring, moet jy hom selfs van my altaar af wegneem om te sterf.

Romeine 13:4: Want die owerheid is 'n dienaar van God, tot jou beswil. Maar as jy die kwade doen, moet jy bang wees. Die owerheid dra nie verniet die swaard nie. Hy is immers 'n dienaar van God, aangestel om die kwaaddoener te straf.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?


Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns



Psalm 37:8: Moenie kwaad word nie en laat vaar die woede; moet jou nie ontstel nie, dit bring net kwaad.

Spreuke 14:30: 'n Kalm hart gee lewe aan die liggaam, maar naywer is verrotting in die gebeente.

Romeine 1:29: Hulle is vol van elke vorm van onreg, boosheid, hebsug en kwaad: vol afguns, moorddadigheid, twisgierigheid, geslepenheid en kwaadwilligheid; hulle is skindertonge,




Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat

1 Johannes 2:11: Maar wie sy broer haat, is in die duisternis, en wandel in die duisternis, en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede




Galasiërs 5:19-21: Die praktyke van die vlees is goed bekend, naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring, afguns, dronkenskap, gefuif, en hierdie soort dinge – waarteen ek julle nou weer waarsku, soos ek julle vroeër gewaarsku het, naamlik dat diegene wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërf nie.

Jakobus 1:20: Want die woede van 'n mens bewerk nie geregtigheid voor God nie.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 40




**Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?**

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord.

1 Johannes 3:15: Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar, en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe blywend in hom het nie

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself.




Matteus 7:12: “Alles wat julle dan wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook julle net so aan hulle; want dit is die kern van die Wet en die Profete.”

Matteus 22:39: En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

Romeine 12:10: Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde. Gaan mekaar voor in eerbetoning.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?



Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees,

Matteus 5:5: Gelukkig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde erf.

Matteus 5:7: Gelukkig is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang

Lukas 6:36: Julle moet barmhartig wees soos julle Vader barmhartig is

Romeine 12:18: As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.


Galasiërs 6:1-2: Broers, as iemand deur een of ander sonde oorval word, moet julle wat met die Gees vervul is, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp; maar let op jouself, dat ook jy nie versoek word nie. Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus.

Efesiërs 4:1-3: Daarom spoor ek julle aan, ek, wat ter wille van die Here 'n gevangene is, om so te leef dat julle die roeping waarmee julle geroep is, waardig is: deur mekaar met volkome nederigheid en saggeaardheid, en met geduld in liefde te verdra, en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede

Kolossense 3:12: Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld.


1 Petrus 3:8: Wees almal eensgesind, meelewend, vol broederliefde, vol ontferming, nederig,

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?



Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom

Eksodus 23:5: Wanneer jy iemand wat jou haat se donkie onder sy vrag sien lê, mag jy dit nie aan hom oorlaat nie. Jy moet hom beslis daarmee help.



Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen.

Matteus 5:44-45: Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê en bid vir hulle wat julle vervolg, sodat julle kinders van julle Vader in die hemele kan wees. Hy laat immers sy son opkom oor slegte én goeie mense en Hy laat dit reën oor wetsgehoorsames én wetsverbrekers.

Romeine 12:20: "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Deur dit te doen, stapel jy vurige kole op sy hoof."

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen.

## SONDAG: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 105

Vraag: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad[1]. Ek moet alle wraaksug laat vaar[2]. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie[3]. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer[4].

1 Genesis 9:6; Matteus 5:21-22; Matteus 26:52
2 Matteus 5:25; Matteus 18:35; Romeine 12:19; Efesiërs 4:26
3 Matteus 4:7; Romeine 13:14; Kolossense 2:23
4 Genesis 9:6; Eksodus 21:14; Romeine 13:4

## SONDAG: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 106

Vraag: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns[1], haat[2], woede[3] en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord[4].

1 Psalm 37:8; Spreuke 14:30; Romeine 1:29
2 1 Johannes 2:11
3 Galasiërs 5:19-21; Jakobus 1:20
4 1 Johannes 3:15

## SONDAG: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 107

Vraag: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself[1]. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees[2], alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom[3] en selfs aan ons vyande goed doen[4].

1 Matteus 7:12; Matteus 22:39; Romeine 12:10
2 Matteus 5:5; Matteus 5:7; Lukas 6:36; Romeine 12:18; Galasiërs 6:1-2; Efesiërs 4:1-3; Kolossense 3:12; 1 Petrus 3:8
3 Eksodus 23:5
4 Matteus 5:44-45; Romeine 12:20